# Kurator bly hier

## *Huis in park al in 1904 gebou*



Teks en skets – Hannes Meiring

DIE koepel en spitsdak wat tussen die bome in die suidwestelike hoek van Burgerspark in Pretoria sigbaar is, is 'n heel onverwagte gesig.

Die bouwerk wat baie na 'n kerktoring lyk, verras 'n mens elke keer wat jy dit sien.

Hoewel die huis reeds in 1904 gebou is, is dit is vandag nog steeds die kuratorswoning van die park.

Die huis het 'n sterk Europese, romantiese karakter. Dit het ook baie Art Nouveau-besonderhede.

Die koepeltoring het aanvanklik behoort aan 'n naburige huis wat reeds in die sestigerjare gesloop is. Dit dien vandag bloot as 'n versiering.

Die kuratorswoning is ook 'n uitstekende voorbeeld van die *Jugendstil*.

Die kurator woon vandag nog in die huis. Dit is 'n puik benutting van die pragtige ou gebou.

Burgerspark bly een van Pretoria se aantreklikste dele. Dit behoort soos goud bewaar te word vir die geslagte ná ons.